[redacted]

HOËRSKOOL FOCHVILLE
ONS SAL ANTWOORD

[redacted]

Voorkoms van leerlinge
Gedragskode
Beleid Selfone en ander Elektroniese Apparaat
Uittekenbeleid
Strafstelsel
Leerderbywoning

## ***Uittreksels uit skoolbeleide***

### VOORKOMS VAN LEERLINGE

### 1. ALGEMEEN

Die regte volledige skooldrag moet by elke geleentheid of funksie gedra word.

Alle hare-, grimering- en juwele reëls is van toepassing in skool- en sportklere. Omdat dit ons trots is, mag geen gedeelte van skooldrag ooit saam met privaatklere gedra word nie.

Daar is 'n amptelike sporthempie wat by geleentheid saam met 'n netjiese blou, nie verbleikte, nie geskeurde denimlangbroek (geen skinny-jeans of driekwartdenim nie) gedra mag word (tensy vooraf anders gereël). Indien dit koeler word mag **slegs** 'n skoolsweetpakbaadjie hierby gedra word. Sportdrag en skooldrag mag ook nie gemeng gedra word nie. Slegs sporttekkies mag hierby gedra word.

Klem moet daarop gelê word dat wanneer ons leerlinge ander skole besoek of in openbare plekke optree hulle altyd waardige ambassadeurs vir ons skool sal wees.

Skoolreëls is op elke leerling van toepassing solank hy in skooldrag (sportdrag/sporthempie) geklee is. Selfs buite skoolure moet leerlinge onthou dat hulle steeds leerlinge van hierdie skool is en as ambassadeurs moet optree, wat nie die skool se naam skade sal aandoen nie.

Ons volledige skooldrag (baadjie ingesluit), of vir 'n billike tyd dié van die vorige skool, is 'n voorvereiste vir toelating. Vir die doel het die skool ook 'n klerebank.

Op **Maandae dra alle leerlinge die skoolbaadjie**. Gr. 8-leerlinge dra die sporthempie, sportbroek en tekkies tot na die groentjiekonsert.

Geen tatoeëermerke word toegelaat nie, indien reeds gedoen mag dit nie sigbaar wees nie en moet te alle tye bedek wees.

As 'n leerder verjaar mag hy/sy op die dag wat hy/sy verjaar gewone klere aantrek; behalwe op 'n Maandag.

Geen gekleurde kontaklense mag gedra word nie.

### VOORGESKREWE SKOOLDRAG

### 1. SEUNS

'n Grys langbroek en wit hemp met 'n skooldas. Netjiese, formele swart leerskoene met 'n definitiewe hak (nie stewels, of skoene met anderskleurige insetsels, veters, klinknaels of skerppunte nie). Geen slip-ons sonder 'n definitiewe hak nie (bv. Moccasins). **Effekleurige grys kouse** (by langbroeke) of skoolkouse word hiermee saam gedra.

Hemde word ingesteek en mag nie uithang nie. 'n Grys of swart gordel sonder enige versierings of uitsteeksels (knuckles) is verpligtend by langbroeke. Gespes moet ook eenvoudig wees.

'n Skoolbaadjie, skooltrui (ook oortrui/"pull-over") en/of baadjietrui in skoolkleure. (Geen sweetpakke nie)

Baadjies word saam met 'n langbroek en 'n das gedra.

'n Blou skoolserp en skoolmussie – verkrygbaar by die skool, mag tydens die winter gedra word.
(NB! Mussies mag nie op terrein/in klas gedra word nie.)

Geen veranderinge mag aan die snitte van kleredrag aangebring word om by die modes aan te pas nie.
(Geen langbroek bokant die enkels nie.)

Indien ‘n trui gedra word, moet dit pasgrootte wees en die moue mag nie tot by die elmboë opgestoot word of oor die hande getrek word nie.  Truie mag ook nie om die lyf geknoop word wanneer dit uitgetrek word nie.

**Geen musse/hoede/pette/komberse om die lyf, wat nie deel van skooldrag uitmaak nie.**

**NB:  Op Maandae trek almal formeel aan: Langbroek hemp, das en skoolbaadjie.**

*Somer*

‘n Grys kortbroek wat behoorlik pas (nie nou-sluitend) kan in plek van die langbroek saam met die wit kortmouhemp met wapen sonder das gedra word, tesame met lang skoolgryskouse en skoolskoene.

*Winter*

Seuns mag in die winter kortbroeke dra, behalwe tydens saalopening.

*Gewone klere*

Op dae wanneer leerlinge gewone klere mag aantrek skool toe, is daar steeds sekere voorkomsreëls  wat geld. Géén geskeurde denims mag gedra word nie.

Geen noupassende kort- of langbroeke word toegelaat nie.

**2. DOGTERS**

*Winter*

‘n Blou skoollangbroek met wit langmouhemp en das met swart leerskoolskoene (geen strikkies, krale of knopies mag op skoene aangebring word nie).  Swart, plein kousies word in die winter saam met langbroeke gedra. Alternatiewelik mag ‘n blou skoolromp (“pencil”-tipe)  ook gedra word.  ‘n Blou skoolserp (verkrygbaar by skool) mag gedra word.  Hemde word netjies ingesteek.  Rompe mag nie korter as 7 cm bo die knie wees nie. Daar mag nie aan die snit van die romp verander word nie.

Skoolrompe word slegs met swart langkouse/”thights” (nie sykouse nie) gedra. Kouse mag nie onder of bo-oor aangetrek word nie.

‘n Skoolbaadjie, skooltrui en/of baadjietrui kan gedra word.  Indien ‘n trui gedra word, moet dit pasgrootte wees en die moue mag nie tot by die elmboë opgestoot word  of oor die hande getrek word nie.  Truie mag ook nie om die lyf geknoop word wanneer dit uitgetrek word nie.

Geen blou somersrokke word toegelaat nie.

NB:  Op Maandae trek almal formeel aan:  Langbroek/romp, hemp, das en skoolbaadjie.

*Somer*

‘n Blou skoolrok (met skoolrokband) word met wit sokkies (wat omgevou en nie gerol is nie) gedra.  Die blou rompie met wit hemp en das is in die somer slegs matriekdrag.  ‘n Moulose skooloortrektrui in skoolkleure mag gedra word. Wit basiese skoolsokkies word gedra - géén randjies, ens. nie.

Slegs kort vlootblou “ski-pants” mag gedra word by skoolrok, nie sportdrag-skipants wat langer is nie!

**Geen musse/hoede/pette/komberse om die lyf, wat nie deel van skooldrag uitmaak nie.**

*Gewone klere*

Op dae wanneer leerlinge gewone klere mag aantrek skool toe, is daar steeds sekere voorkomsreëls wat geld. Los hare is aanvaarbaar vir gr. 8 - 12. Slegs gr. 12's mag dan ook ligte grimering dra.

Geen "ski-pants" (lank of kort) mag aangetrek word nie. Enige toppie of hemp waar die maag uitsteek ("crop tops") is ontoelaatbaar. Kortbroeke mag nie korter as 100 mm van die onderkant van die boudlyn af wees nie. Rompies mag nie korter wees as 7 cm bo die bokant van die knie nie. Te noupassende broeke en rompies is ontoelaatbaar. Geen "strappy/spaghetti" toppies word toegelaat nie. Geen geskeurde denims mag gedra word nie.

3. **ALGEMEEN**

Die skool is nie aanspreeklik vir enige verliese van skooldrag nie hoewel billike voorsorg getref sal word. Merk asb. alle stukke. Geen sport en skoolklere word gemeng gedra nie (bv. skoolbaadjie saam hokkierok of sweetpakbaadjie by skoolklere). Geen plakkies word by skool- en sportdrag toegelaat nie.

4. **EERSTESPANBAADJIES**

Eerstespanbaadjies <u>mag</u> slegs op dié dag waarop die wedstryd plaasvind gedra word, of op die Vrydag voor die wedstryd.

'n Eerstespanspeler wat uit vrye wil nie meer in daardie jaar die skool verteenwoordig nie, mag nie sy/haar eerstespanbaadjie dra nie.

**LET WEL: Geen Siebieshemde/toerhemde/-rompe/-baadjies is amptelike sportdrag nie – mag dus nie gedra word tydens amptelike skoolkompetisies nie.**

<u>VOORKOMS VAN LEERLINGE</u>

**Leerders moet ten alle tye netjies en volgens die skoolreëls aangetrek wees. Voorkomsinspeksie kan enige dag plaasvind en 'n kind kan dadelik vir vookoms geskryf word.**

**1. SEUNS**

*Hare*

**Geen modestyle/modegiere.** NB: Haarinspeksie kan enige tyd gehou word en die reëls geld elke dag. Hare moet bo-op, agter en aan die kant geknip wees, **geleidelik** na bo loop met die langste hare bo op die kop. Die neiging om hare baie kort te sny met net 'n klossie langhare by die kuif is onaanvaarbaar. (Ook geen "steps"/modestyle nie.) NB: Geen "mullets" of stertjies in die nek nie. Geen strepe/lyne mag ingesny/geskeer word nie.

Hare moet ten alle tye netjies vertoon. Hare mag nie aan die wenkbroue raak nie, ook nie aan die ore teen die kante nie. Hare mag nêrens langer as 5 cm maksimum wees nie. Hare mag nie langer as 2 cm langs die kante en agter wees nie (m.a.w. vanaf die wortels), dit mag nie aan die kraag raak nie.

Hare mag nie gekleur, gekartel of "gejel" word nie. Geen "dreadlocks"/vlegsels/knoppies/kraletjies mag gedra word nie. Indien hare gekleur word, moet dit in totaal afgeskeer word en nie terug gekleur word nie.

**Geen modegiere word toegelaat nie!**

Geen grimering; oorringe, ringe, tongringe, neusringe, armbande of hangertjies (behalwe "Medic-alert") word toegelaat nie. Sulke juwele sal gekonfiskeer word en aan die <u>einde van die kwartaal</u> terugbesorg word. Dit mag nie teruggekoop word nie. Slegs horlosies mag gedra word. Geen 'slimhorlosies' mag

gedra word nie. Die skool/betrokke onderwyser aanvaar nie aanspreeklikheid vir die verlies van sodanige juweliersware nie. Slegs skoolgebonde of skoolsport-lapelwapens ("buttons") mag gedra word.

Naels moet kort, netjies en versorg wees - sonder naellak, gel of tips.

Hierdie reëling is van toepassing van die dag wat die skool begin tot die dag wat die skool hy sluit.

*Wangbaarde en snorre*

Seuns moet daagliks skoon geskeer wees. Geen snorre of baarde word toegelaat nie. (Ook geen stoppelbaarde nie). Wangbaarde mag nie langer as die middelpunt van die oor wees nie en mag nie oor die oor teruggekam word nie.

Geen juwele behalwe polshorlosies nie.

## 2. DOGTERS

*Hare*

Hare moet **te alle tye** netjies wees. Geen informele "deurmekaar" **modegiere** nie (bv. kort/lang vlegseltjies, "wake up look"). Hare langer as kraaglengte **mag nie los gedra** word nie (ook in sportdrag) en moet vasgemaak (net knippies word nie toegelaat nie). Kuiwe mag nie oor die wenkbroue hang nie (kuiwe mag glad nie in die oë hang nie). Gladde hare wat met 'n paadjie gedra word en reguit afhang tot onderkant die ore moet met 'n knippie of band teruggehou word sodat dit nie oor die oë val wanneer die leerling bv. skryf nie.

Die hare langs die gesig moet in 'n vlegsel of poniestert ingevleg word en nie in krulletjies of slierte langs die gesig hang nie. Afsonderlike vlegseltjies moet in 'n poniestert vasgemaak word

**Hare mag onder GEEN omstandighede gekleur word nie** en "jel" mag nie gedra word nie. Die "bubble" wat sommige dogters dra, mag nie hoër as 20 mm wees nie. Alle haarbykomstighede soos rekkies, "scrunchies", knippies ens., moet in die skoolkleure wees (wit, geel en donkerblou). Bruin of swart is ook aanvaarbaar. **Geen krale, knopies of ringe in die hare word toegelaat nie.** Alle haarbykomstighede moet die kleur van die skool wees. Geen uitspattighede nie.

Geen grimering; oorringe, ringe, neusringe, tongringe, armbande of hangertjies (behalwe "Medic-alert") word toegelaat nie. Sulke juwele sal gekonfiskeer word en aan die einde van die kwartaal terugbesorg word. Dit mag nie teruggekoop word nie. Die skool/betrokke onderwyser aanvaar nie aanspreeklikheid vir die verlies van sodanige juweliersware nie. Slegs skoolgebonde lapelwapens mag gedra word.

Naels moet kort, netjies en versorg wees - sonder naellak, gel of tips.

*Rok-/Romplengte*

Rokke en rompe se lengte mag nie korter as 7 cm (4 vingers) vanaf die bokant van die knieg wees nie. Rokke se belde moet gedra word. Rokke/rompe moet jou figuur pas → te kort, te nou is nie toelaatbaar nie. Snit van rokke en rompe mag nie verander word nie.

*Naels*

Indien die hand van die palm se kant af bekyk word, mag die naels nie by die vingerpunte verbysteek nie. Slegs kleurlose naellak (sonder blinkers en versierings) mag gebruik word.

*Juwele en grimering*

**Alleenlik 'n polshorlosie, seëlring en "Medic-alert" bandjie mag gedra word. Geen "slimhorlosies" mag gedra word nie.**

Dogters mag 'n **ENKELE** eenvoudige onversierde oorringetjie of 'n klein goue/silwer/pêrel knoppie (met geen steentjies daarin nie) in die eerste gaatjie aan die oorlel dra. Die ringetjie se buiterand mag nie groter

as **10 mm** wees nie. Die pêrel/steentjie se deursnee mag nie groter as 5 mm wees nie. Geen ander versierings of juwele mag gedra word nie. Oorbelle in enige ander gaatjies mag nie gedra word nie en ook nie toegeplak word met 'n pleister nie. Neusringe is ontoelaatbaar.

Alleen lapelwapens ("buttons") van die skool of 'n skoolsport mag gedra word.

Ongemagtigde juwele sal gekonfiskeer word en by die kantoor ingehandig word en aan die einde van die kwartaal terugbesorg word. (Die leerling moet dit self in die kantoor gaan afhaal.) Die skool/betrokke onderwyser aanvaar geen verantwoordelikheid vir afgeneemde juwele wat verlore raak nie, aangesien die leerlinge weet hulle mag dit nie dra nie.

**Geen grimering word in skooldrag sowel as sportdrag toegelaat nie.**

---

***GEDRAGSKODE – HOËRSKOOL FOCHVILLE***

## 1. ALGEMEEN

1.1 In hierdie skoolgemeenskap is 'n gedragskode noodsaaklik om die opvoedkundige doelstellings van die skool te bereik.

1.2 Orde, dissipline en respek vir elke individu vorm die grondslag vir sukses en 'n gelukkige skoolgemeenskap.

1.3 Christelike beginsels dien as grondslag vir die gedragskode.

1.4 Hierdie gedragskode erken die volgende: onderwyswet, die wet op Basiese Menseregte en die gedragskode vir personeel.

1.5 Die skool streef daarna om in die beste belang van die leerlinge op te tree. Wat die beste vir die meerderheid leerlinge is, geld dus as norm by dissiplinering hoewel elke saak individueel hanteer sal word.

1.6 Dit is ons beleid om op positiewe optrede te fokus. Ons doel is dus om maksimale selfdissipline en selfwerksaamheid te kweek. Alleen dan kan ons werklik "antwoord"!

1.7 Hierdie kode is sonder uitsondering op elke leerling aan Hoërskool Fochville van toepassing wanneer hulle op die terrein is en wanneer die skool by enige geleentheid verteenwoordig word, of indien 'n leerling in skooldrag in die publiek rondbeweeg. Optrede van leerlinge buite skoolure wat negatief reflekteer op die skool, sal ook aangespreek word.

1.8 Onbekendheid met hierdie gedragskode sal nie as verskoning aanvaar word nie aangesien ouers en leerlinge dit by inskrywing onderteken as erkenning dat hulle met die inhoud daarvan vertroud is en dit onderskryf.

1.9 Ouers aanvaar mede-verantwoordelikheid om, in ooreenstemming met hulle opvoedingstaak, kinders te dissiplineer om met die neergelegde norm te konformeer. Daar sal by oortreding van die gedragskode met die ouers in verbinding getree word. (Sien uiteensetting)

1.10 Elke leerling het die reg tot appèl indien hy voel dat hy onbillik behandel is.

## 2. DOELSTELLINGS

2.1 Om aan elke leerling die volle geleentheid te gee vir optimale verwerkliking van vermoëns en talente op alle Christelike opvoedkundige terreine waarop die skool hom mag begeef.

2.2 Om aan elke leerling die geleentheid te gee om hom/haar maksimaal voor te berei vir die volwasse lewe en 'n saakmakende rol te speel.

2.3 Om aan elke leerling sekuriteit en geborgenheid te bied om as 'n unieke individu met sy/haar besondere eienskappe en behoeftes in die skoolgemeenskap te funksioneer.

2.4 Om leerlinge die beginsel aan te leer om vir mekaar om te gee en mekaar en mekaar se belange op die hart te dra, in 'n gees van samewerking en ondersteuning.

2.5 Om aan elke leerling 'n veilige omgewing daar te stel waar fisiese beserings sover menslik moontlik beperk word.

2.6 Om as skool en ouers in vennootskap die beste aan die kind te bied deur effektiewe kommunikasie.

2.7 Ouers as **primêre** opvoeders moet verantwoordelikheid vir sy kind se opvoeding neem.

## 3. BEMAGTIGING VAN PERSONEEL

Elke personeellid word gemagtig om 'n leerling wat steurend, ontwrigtend en tydverkwistend optree, te hanteer op een of meer van die volgende wyses soos wat hy/sy oordeel.

3.1 Aantekening van oortreding in strafboek/strafbriefies
3.2 Waarskuwing
3.3 Leerling uit sy/haar klas uit te sluit totdat versuim/oortreding reggestel is of onderneming deur leerling gegee word om gesindheid te wysig. Hierdie tydelike uitsluiting moet vir rekorddoeleindes aangeteken en aan die bestuur gerapporteer.
3.4 Leerling na skool hou om sodoende agterstallige werk in te haal.
3.5 Oortreding van skoolreëls/gedragskode kan lei tot die ontneming van voorregte (bv. bywoon van sokkies, dra van gewone klere, ens.).

## 4. SKOOL – EN ORDEREËLS

### *4.1 ELKE LEERLING VERBIND HOM/HAAR TOT*

* Pligsgetroue skoolwerk en getroue skoolbywoning.
* Bywoning van die skoolprogram (kurrikulêr- en buitekurrikulêr.)

* Bywoning van kursusse soos deur die hoof/bestuursliggaam gereël.
* Oriëntering van nuwe leerlinge word deur Fochieraad hanteer volgens ‘n program wat deur die hoof goedgekeur is en onder voogskap van die persoon deur die hoof aangewys.

Om al bg. te verwesenlik, is die volgende beleide onder andere van toepassing: (Sien op volgende bladsy.)

## ***BELEID SELFONE EN ANDER ELEKTRONIESE APPARAAT***

1. Uit ondervinding vind ons al die onderstaande nodig ten einde aan al ons kinders die geleentheid te bied om in ‘n veilige onverstoorde omgewing onderrig te word en kontrole oor ons en u kinders te behou.

2. Elektroniese apparaat (bv. MP3, Ipod, selfone, slimhorlosies, luidsprekers “boom box”, oorfone, “earpods”) word **nie** by die skool of tydens enige sport/kultuurbyeenkoms toegelaat nie.

3. Gebruik van Selfone word **NIE** by die skool toegelaat nie. Selfone word **slegs** vir **noodgevalle NA** skooltyd toegelaat en bly dan die **uitsluitlike** verantwoordelikheid van die leerling. Die skool sal **geen** verantwoordelikheid neem indien enige sodanige item verlore en/of beskadig raak nie. Aangesien dit baie gesogte items is word die leerlinge ten sterkste aangeraai om die items by die huis te laat.

4. Gedurende skoolure (7:15 tot huistoegaantyd) (Gr. 12 Maandae 07:15 – 17:00) (strafklasse Vrydae) moet bg. item afgeskakel en in die tas/rugsak weggebêre wees. Geen leerling **MAG** gedurende hierdie tye sy/haar of ‘n vriend se selfoon gebruik om oproepe te maak of te ontvang **nie**, hy/sy **MAG** ook geen bbm/smsse/whatsapp stuur of ontvang **nie**. Mag ook geen speletjies speel nie. In kort **MAG** sy selfoon glad nie hanteer word nie. Leerkragte **SAL** enige van bg. items wat hulle bewus is gebruik word/was onmiddellik konfiskeer.

5. Leerkragte sal dus bg. items in hul klasse en/of stoepe, en/of trappe en/of speelterrein konfiskeer. Hierdie item sal in ‘n verseëlde koevert met die leerder se naam op in die kluis weggesluit word, vir 4 weke. Alternatiewelik kan ‘n afkoopboete ter waarde van R150 vir 1e oortreding, R300 vir 2de oortreding betaal word <u>’n week (7 dae)</u> nadat die foon gekonfiskeer is. Indien ‘n leerling se foon vir ‘n derde maal gekonfiskeer word, sal geen afkoopboete betaalbaar wees nie. Na afloop van die 4 weke kan die leerling met die nodige identifikasie die item by die kantoor afhaal.

6. Selfone/Slimhorlosies **MAG nie** as sakrekenaar gebruik word indien die leerling se sakrekenaar nie by die skool is nie.

7. Indien leerlinge tydens toets of eksamensessies met selfone/slimhorlosies doenig is (al het hulle die vraestel voltooi) sal dit ook gekonfiskeer word, aangesien antwoorde heen en weer gestuur word. Hulle sal in so ‘n geval alle punte vir die vraestel verbeur.

8. Leerlinge **word verbied** om hul ouers gedurende skoolure te kontak d.m.v. oproepe/bbm/whatsapp/SMS oor een of ander gebeurtenis/insident in die klas/skool alvorens die skool geleentheid gehad het om die saak te ondersoek. Indien leerlinge siek word tydens skoolure by die skool, **moet die leerling by die kantoor aanmeld** waarna die skool die ouers sal kontak om die leerling te kom haal. Ouers word versoek om die skool (telefonies of per briefie) in kennis te stel indien hulle reeds vroegoggend vermoed hul kind sal moet huis toe

gaan. Indien ‘n leerling sy/haar ouers self kontak om hom/haar uit te teken sal sy/haar foon a.g.v. ontoelaatbare gebruik gekonfiskeer word.

9. Ons versoek ouers vriendelik tog ernstig om ons in bogenoemde te ondersteun, en slegs hulle kinders deur die kantoor te kontak indien nodig en **NIE** op sy/haar selfoon nie. Onthou as die leerling die selfoon hanteer word hy gekonfiskeer.

~~~~~
~~~~~

## ***UITTEKENBELEID***

As gevolg van Hersiene Nasionale Kurrikulum wat ‘n groot fokus plaas op die werk wat leerlinge in die klas doen, asook die handhawing van goeie orde en dissipline in die skool is die volgende beleid nodig.

1. Leerlinge wat afwesig is van ‘n toets, eksamen en/of klaswerk sonder ‘n mediese sertifikaat sal 0% ontvang. Leerlinge kan dus punte verloor deur onnodig en gereeld afwesig te wees. In Gr. 8 en 9 tel die jaarpunt 60% van die promosiepunt. In gr. 10 - 12 tel jaarpunt 25% van die promosiepunt. In Gr. 10 – 12 moet ‘n leerder 1200 kontakure per vak hê om ‘n Matrieksertifikaat te verwerf. Indien die SBA nie voltooi is a.g.v. afwesighede nie, mag/moet eksamen in die bepaalde vak geweier word. (Sien Assesseringsbeleid.)

2. Ouers moet, indien hulle weet dat ‘n leerling afwesig gaan wees, (bv. begrafnis, dokter ens.) die kantoor vooraf **vroegtydig skriftelik** in kennis stel - ook wanneer hulle weet dat leerlinge deur die dag uitgeteken gaan word. **LW** <u>geen leerling sal in die middel van ‘n periode geroep word nie, aangesien onderrig van ander leerlinge onderbreek word</u>. Reël vooraf, dan kan die leerling met aanvang van ’n pouse uitgeteken word. Die dag se rooster/kloktye word daagliks op d6 geplaas.

3. Indien ‘n leerder afwesig is, bly dit sy/haar **eie** verantwoordelikheid om dadelik verlore werk in te haal - ‘n leerling verloor ook alle krediete vir werk afgehandel in sy/haar afwesigheid, tensy ‘n mediese sertifikaat of begrafnisbrief dadelik met afwesigheid ingehandig word. Leerlinge moet ‘n brief (wat die afwesigheid motiveer) by sy voogonderwyser inhandig by terugkeer. Alle mediese sertifikate word by die kantoor ingehandig, verkieslik op die dag van afwesigheid en moet ’n diagnose bevat. Mediese sertifikate wat aandui “soos aan my meegedeel” is nie geldig nie.

4. Gesien in die lig van die selfoonbeleid sal geen leerling wat **sy/haar ouers self telefonies kontak**, wettig uitgeteken word nie. Hierdie leerlinge sal afwesig gemerk word. Slegs leerlinge wat by die **kantoor aanmeld**, se ouers sal indien nodig gekontak word om hulle te kom haal. In die geval waar ‘n leerder sy/haar ouer self kontak sonder dat die kantoor kennis dra, sal sy/haar foon, volgens beleid gekonfiskeer word.

5. Slegs ouers/wettige voogde word toegelaat om leerders uit te teken. Geen leerder mag hom/haarself uitteken nie.

6. Die uittekenregister moet by ontvangs ingevul word waarna ‘n bewys van wettige skoolverlating aan die leerling gegee word. Hierdie dokument word aan die sekuriteit by die hek oorhandig.

7. Leerlinge wat die skoolterrein sonder toestemming (nie volgens prosedure uitgeteken word nie) verlaat, sal punte op die strafstelsel verdien. ‘n Herhaling van enige van bogenoemde oortredings sal in ‘n baie ernstige lig gesien en hanteer word.

~~~~~

## ***STRAFSTELSEL***

1. Indien ‘n leerling ‘n oortreding begaan, vul die leerling die betrokke strafbriefvormpie in waarna dit deur beide die leerling en leerkrag onderteken moet word. Behalwe waar ’n leerling nie beskikbaar is nie, dan word dit geteken deur die hoof/adjunkhoofde.

2. Daar is voorsiening gemaak op die vorm vir die leerling om appèl aan te teken. Sodanige appèl gaan na die graadvoog/adjunkhoof, wat die appèl hanteer deur gesprekvoering met beide die leerling en leerkrag. Die hoof se beslissing is finaal.

3. Vir elke 200 punte teen sy/haar naam het, woon die leerling in die daaropvolgende week ‘n strafklas by.

Indien ‘n leerling nie die strafklas kan bywoon nie, moet sy/haar **ouers** vooraf persoonlik met die hoof/adjunkhoof ‘n reëling tref (voor 09:00 op die betrokke Vrydag). ‘n Leerling sal slegs toegelaat word om vir een middag verskoning te maak. GEEN verdere uitstel sal daarna aan die betrokke leerling gemaak
~~~~~

word nie. Ouers van leerlinge wat van busvervoer gebruik maak moet toesien dat hierdie leerlinge hulle werk doen aangesien vervoerprobleme nie as verskoning sal dien om nie strafklas by te woon nie.

Die leerlinge teken ontvangs van ‘n stafklaskennisgewing en onderneem om dit aan die ouers te oorhandig. Graad-/Klasvoogde sal ook met die kind in gesprek tree. Alternatiewelik word die ouer per sms in kennis gestel dat sy kind ‘n strafklas moet bywoon.

4. Indien ‘n leerling sonder verskoning nie opdaag vir ‘n strafklas nie, sal hy die ekstra punte (200 verkry). In die strafklas word geen huiswerk gedoen nie - beleide word uitgeskryf.

5. Wanneer die leerling 400 punte teen sy/haar naam het woon hy/sy weereens ‘n strafklas by.

6. By bereiking van 1 000 punte, of enige vlak 5 oortreding, sal die leerling en sy/haar ouers voor die Bestuursliggaam (dissiplinêre verhoor) verskyn. Hierdie leerling mag dan van voorregte ontneem word, bv. deelname aan sport/kultuur of bywoning van funksies. Terugvoer oor die onderhoud met die leerling sal aan die personeel gegee word.

7. By bereiking van 1 000 punte sal die Bestuursliggaam die leerling se naam aan die Departement deurgee met ‘n aanbeveling vir permanente uitsetting.

8. Dissiplinêre optrede vind op ‘n deurlopende basis deur beide die hoof/adjunkhoof plaas in geval van ernstige oortredings.

9. Alle vlak 3, 4 en 5 oortredings moet aan die hoof/adjunkhoofde oorgedra word waarna ‘n aantekening daarvan deur die betrokke personeellid (voog) op die leerling se kaart gemaak moet word.

10. Indien ’n leerder van Januarie tot Mei 3 strafklasse onwettig gemis het, word hulle tuisstudie vir die Junie-eksamen weggeneem. Dieselfde reël geld vir Julie- tot Oktober-strafklasse waarna hulle November-eksamen tuisstudie weggeneem sal word.

11. Alle vlak 5 oortredings sal 3 - 5 dae uitsluiting lei en ook tot direkte verhoor voor die bestuursliggaam se dissiplinêre verhoor.

12. Indien ‘n leerling vir 3 maande lank geen punte teen hom/haar aanteken nie, sal sy/haar rekord skoon gemaak word van vlak 1 en 2 oortredings.

13. Leerlinge wat reeds voor die personeel en/of bestuursliggaam verskyn het moet vir 6 maande geen oortredings begaan nie alvorens hulle rekord skoon gemaak word.

14. Alle strafpunte word jaarliks op die leerling se rekordkaart geplaas en alle leerlinge uitsluitend leerlinge genoem in punt 13 begin jaarliks met ‘n skoon rekord.

15. **Alle vlak 3 - 5 oortredings kan tot direkte uitsluiting en ‘n dissiplinêre verhoor lei.**

16. Die skool word beskou as ’n dwelmvrye omgewing en verbind hom daartoe om ál ons leerders teen enige verbode middel te beskerm. Enige verbode middel sal onmiddellik gekonfiskeer en vernietig word; dit sluit in dwelms, alkohol, sigarette, hubbly’s, vapes, ens. Die skool staan onder géén verpligting om bg. aan ’n leerder terug te besorg nie. Die skool keur glad nie die nuwe modegier van vape goed nie en tree streng volgens ons dissiplinêre stelsel daarteen op. Álle vapes wat in besit van ’n persoon gevind word óf tydens gebruik, word by die kantoor ingehandig en vernietig.

---

## LEERDERBYWONING

Enige leerder wat op ’n Vrydag afwesig is, mag nie die daaropvolgende Saterdag aan enige sport-/kultuuraktiwiteit deelneem nie. Indien ’n leerder op ’n spesifieke weeksdag afwesig is en daar op daardie selfde dag ’n sport-/kultuuraktiwiteit plaasvind, mag die leerder nie daaraan deelneem nie.

Van ouers word verwag om

(a) seker te maak dat die leerder die skool daagliks bywoon, betyds is en vir die hele skooldag (gr. 12 Maandagmiddae tot 17:00 ingesluit) teenwoordig is, tensy daar ‘n geldige rede vir afwesigheid bestaan;

(b) seker te maak dat die leerder nie uit die skool gehou word sonder ‘n geldige rede nie (Familievakansies is nie ‘n geldige rede nie.) (Verbeur alle krediete gedurende die tyd.) (Geldige redes – sieknota afgeboek vir 3 dae of meer, begrafnis direkte familie (afspraak van lisensie/leerlinglisensie);

(c) die prinsipaal of voogonderwyser in kennis stel as die leerder afwesig is of moontlik afwesig of laat sal wees vir die skool en ‘n geldige rede verskaf. (Skakel die kantoor - doktersbriewe, bewyse van bestuurderslisensie-afsprake inhandig by kantoor);

(d) met die skool saam te werk om die probleem op te los indien die leerder sonder ‘n geldige rede van die skool afwesig is; en

(e) die leerder aan te moedig en sover moontlik by te staan, om tyd wat as gevolg van afwesigheid van die skool verloor is, in te haal.

(f) die uitteken van leerders tydens die skooldag te beperk tot werklike noodgevalle (doktersafsprake ens. kan in die middag gemaak word).

Ons vertrou dat u ons hand sal sterk in belang van ons kinders.